



Die menslike embrio – 'n reg op lewe? 'n Voorlopige teologies-etiese beoordeling

A.L. (Riaan) Rheeder
Gereformeerde Kerk Pietersburg
POLOKWANE
E-pos: corriaan@mweb.co.za

Abstract

The human embryo – a right to life? A preliminary theological-ethical evaluation

It is known that the human embryo is currently (during in-vitro impregnation/conception) qualitatively and genetically selected, after which unwanted embryos are destroyed. Stem cell research, which holds exceptional medical promise (and is medically exceptionally promising), however, also leads to the inevitable destruction of the human embryo. This article attempts to determine what the status of the human embryo is according to the Word of God. The specific question that is posed is whether life starts before or after conception. The answer to this question will determine how the human embryo ought to be handled/treated.

Afrikaanse opsomming

Die menslike embrio – 'n reg op lewe? 'n Voorlopige teologies-etiese beoordeling

Dit is bekend dat die menslike embrio vandag (tydens in vitro-bevrugting) kwalitatief en geneties geselekteer word, waarna die ongewensde embrio's vernietig word. Stamsel-navorsing, wat besondere mediese belofte inhou, lei ook tot die noodwendige vernietiging van die menslike embrio. Hierdie artikel poog om aan die hand van die Woord van God te bepaal wat die status van die menslike embrio is. Die besondere vraag wat aan die orde gestel word, is of lewe voor of na konsepsie begin. Die antwoord op hierdie vraag sal ook bepaal hoe daar teenoor die menslike embrio opgetree behoort te word.

1. Inleidend

1.1 Status en die menslike embrio

Hierdie artikel wil in besonder aandag gee aan die vraag na die status van die *menslike embrio*.¹ Of anders gestel: watter respek moet aan die embrio betoon word? Besit die menslike embrio dieselfde reg op lewe as byvoorbeeld die fetus, kleuter, tiener of volwassene? Kan die embrio willekeurig of gekontroleerd vir navorsing, selfs vir navorsing wat positiewe moontlikhede inhou, vernietig word?

1.2 Stamsel-navorsing en die embrio

Die vraag na die status van die menslike embrio het in besonder weer na vore gekom nadat die Amerikaanse president onlangs moes besluit of federale fondse vir stamsel-navorsing gebruik mag word (Lacayo, 2001:33; Fineman *et al.*, 2001: 28-30). Stamselle is ongedifferensieerde selle wat in die menslike embrio voorkom en besit die vermoë om tot enige orgaan te ontwikkel. Hierdie vermoë het ander liggaamselle nie. Dit gebeur reeds dat privaat maatskappye in Amerika menslike embrio's vir navorsing gebruik. Hierdie embrio's word deur egpare geskenk wat die *in vitro*-bevrugtingprosedure deurloop het en nie meer die embrio's benodig nie (NBAC, 1999:9-10,49; Lacayo, 2001:31). Die gebruik van menslike stamselle hou groot terapeutiese belofte in. Stamselle is in rotte met rugmurgbeserings ingespuit en dit het geblyk dat daar ook verbetering ingetree het (Kluger & Lemonick, 2001:35). Studies het getoon dat stamselle wat in die brein van mense oorgeplant is, die defekte selle effektief vervang het en neurale herstel tot gevolg gehad het (NBAC, 1999:22; Yandava *et al.*, 1999). Dit wil voorkom of dit in beginsel moontlik is om terapieë met bepaalde sensuiewe-aandoeninge om te gaan. Dink net aan die belofte wat die gebruik van stamselle inhou vir mense met rugmurgbeserings, epilepsie, serebrale verlamming en geestelike gestremdheid (Fineman *et al.*, 2001:30). Daarvoor is embrioen- en stamselnavorsing nodig. Om geskikte stamselle tydens stamselnavorsing te verkry, moet die embrio noodwendig vernietig word (NBAC, 1999:49; Casey, 2000:149; Lacayo, 2001:31, 33).

1 Dit is belangrik om daarop te wys dat die volgende onderskeiding bestaan: die bevrugte eiersel staan tydens die eerste week bekend as 'n *sigoot*. Gedurende die tydperk tussen twee en agt weke staan die organisme bekend as 'n *embrio*. Gedurende die tydperk tussen agt weke en geboorte word na die organisme verwys as 'n *fetus* (Douma, 1997:173; NBAC, 1999:5). In aansluiting by die oordeel van die NBAC dat die term *embrio* die algemeenste deur die publiek, ook in Suid-Afrika, geken en gebruik word, sal deurgaans van dié term in die artikel gebruik gemaak word (vgl. NBAC, 1999:5).

1.3 *In vitro*-bevrugting en die embrio

Dit moet opgemerk word dat die vraag na die status van die menslike embrio ook na vore gebring word deur *in vitro*-bevrugting, embrio-diagnostiek, kloning en genetiese manipulasie. Die embrio's wat die gesondste of "sterkste" bevind word, word gekies (Lemonick, 1997:54) aan die hand van bepaalde norme.² Dit is deel van die *in vitro*-proses dat slegs embrio's van goeie kwaliteit vir gebruik oorweeg word, terwyl die res gevries of vernietig word (Douma, 1997:214; Harris, 1998:37-38). Waarskynlik sal embrio's na *kloning* en *genetiese manipulasie* op dieselfde wyse gehanteer word.

1.4 Seleksie en die embrio

Dit is vandag ook moontlik om embrio's op grond van hulle *genetiese inhoud* te selekteer. Die eerste verslag van 'n geslaagde embrioseleksie is op 19 April 1990 deur die wetenskaplike tydskrif *Nature* gepubliseer (Handyside *et al.*, 1990:768-770). Vyf moeders, draers van 'n siekte wat net na hulle seuns oorgedra kan word, het aan die eksperimentering deelgeneem. Hierdie moeders het embrio's verskaf wat ontleed is vir hulle geslag. Net vroulike embrio's is teruggeplaas. Op dié wyse sal die egpaar nie seuns met die siekte kan verwek nie (Silver, 1998:203). Teen 1994 was alreeds wêreldwyd ongeveer 30 kinders ná embrio-seleksie gebore (Maranto, 1996:268).

In Engeland mag geen embrio langer as vyf jaar geberg word nie. Na 'n termyn van vyf jaar moet alle embrio's volgens wetgewing vernietig word (Silver, 1998:86-88; Casey, 2000:154). Daar word gerapporteer dat fertiliteitsklinieke in Engeland in 1996 begin het om embrio's wat nie meer gebruik gaan word nie, stelselmatig te ontvries en te vernietig. Op dié wyse is ongeveer 3 300 embrio's vernietig (Casey, 2000:154). Daar word beweer dat in Engeland alleen in die tydperk 1997 tot 1998 ongeveer 51 000 embrio's vernietig is (Casey, 2000:155). Volgens Lacayo (2001:33) bestaan daar vandag in klinieke en laboratoriums in Amerika tussen 100 000 en een miljoen embrio's wat vernietig moet word.

2. Die status van die embrio beoordeel

2.1 Inleidend

Die hele diskussie rondom die kwalitatiewe seleksie van menslike embrio's tydens *in vitro*-bevrugting en menslike embrio-diagnostiek, die

2 Vergelyk Ouweneel, 1978:45; Corea, 1988:90-91; Cahill, 1993; Feinberg & Feinberg, 1993:251; Fletcher, 1995:733; Peters, 1996:50; Cooper & Glazer, 1998:72-73.

keuse van gewenste menslike embrio's tydens *in vitro*-bevrugting, die keuse van menslike embrio's met die gewenste geslag tydens *in vitro*-bevrugting, kloning, genetiese manipulasietegnologie en stamselnavorsing word beheers deur die vraag watter respek aan die menslike embrio (en fetus) verskuldig is (Cahill, 1993; Fletcher, 1995:734). Al laasgenoemde vorms van voortplantingstegnologie werk met die menslike embrio, wat noodwendig lei tot die doelbewuste vernietiging van sommige embrio's.

Watter waarde aan die embrio toegeken word (Østnor & Thunberg, 1995:52), in samehang met die vraag wanneer lewe begin (vgl. Berry, 1995:338; Cook, 1995:131), sal bepaal hoe daar eties oor die menslike embrio geoordeel word. Berry (1995:339) vra of die embrio vanaf konsepsie my broer en suster is vir wie Christus gesterf het? Die vraag na die status en gepaardgaande regte van die embrio (en fetus) is tans die mees fundamentele vraag onderliggend aan die beoordeling van reprodutiwe tegnologie en embrio-navorsing. Die status van die embrio bepaal of die embrio beskermingswaardig is of nie (Rae, 1996:89; Douma, 1997:174-175).

2.2 Die begin van lewe: twee opvattinge

Globaal gesien, is daar twee opvattinge oor die status van die embrio (De Wert, 1988:437; Higginson, 1995:93). Die een groep se beskouing is dat lewe met konsepsie begin, wat beteken dat lewe vanaf konsepsie onder die beskerming van die sesde gebod staan. Die ander groep handhaaf die siening dat lewe in 'n latere stadium na konsepsie begin, wat beteken dat die sesde gebod eers op 'n latere tydperk van toepassing is of in werking tree (vgl. Douma, 1997:174-178). Vervolgens word aandag gegee aan die *logiese beredenering* ten opsigte van die vraag wanneer lewe begin.

2.3 Lewe met konsepsie

2.3.1 Bevrugting – die begin

Volgens verskeie navorsers in dié verband word konsepsie as die begin van menslike lewe beskou (Cooper & Glazer, 1998:27). Vanaf bevrugting (konsepsie) is daar sprake van 'n volledige mens-in-ontwikkeling met 'n eie unieke genetiese inhoud (Drogendijk, 1957:592). Die embrio bevat al die genetiese inligting wat nodig is om 'n volledige mens daar te stel. Die embrio is 'n mens of persoon.³ Die oomblik wanneer die sperm die oöset penetreer, het bevrugting plaasgevind. Die sel kan begin verdeel en dit word beskou as die begin van 'n nuwe menslike lewe (Feinberg &

3 Vergelyk Ouweneel, 1978:39; Atkinson, 1995:88; Berry, 1995:339; Cook, 1995:131; Higginson, 1995:93; Østnor & Thunberg, 1995:54; Rae, 1996:95-108.

Feinberg, 1993:57; Peters, 1996:96).

Biologiese ontwikkeling vanaf bevrugting tot geboorte is volgens resente kennis 'n aaneenlopende of kontinue (ononderbroke) proses waarin daar nie kwalitatiewe spronge geïdentifiseer kan word nie (Cahill, 1993; Østnor & Thunberg, 1995:51). Volgens Douma (1997:176) bestaan daar vanaf konsepsie 'n mens-in-ontwikkeling. Maar omdat dit nie 'n volgroeide mens is nie, begin 'n nuwe menslike lewensgeskiedenis by konsepsie wat in 'n kontinue ontwikkelingsproses tot 'n duidelik afgetekende individueel-persoonlike bestaan uitgroeï. Die eerste biologiese teken van individualiteit is aanwesig in die feit dat 'n eie program en eie tempo van ontwikkeling, anders as dié van die moeder, gevolg word: die embryo kan lewe as die moeder reeds dood is en kan sterwe as die moeder nog lewe (Heyns, 1985:7-8).

Konsepsie is die algemene vertrekpunt of beginpunt vir die ontwikkeling van alle mense (daar is tog nie 'n ander platform vanwaar die mens vertrek nie) en omdat menswaardigheid ("dignity") die mens *in al sy lewensfasies* toekom, moet menswaardigheid geanker word in konsepsie. Om 'n mens te wees, beteken dat jou biologiese eienskappe altyd verander: groei en verouder. Maar biologiese fases hou nie in dat daar bepaalde kwalitatiewe spronge is waar die mens ná 'n biologiese verandering meer waarde verkry het nie (Østnor & Thunberg, 1995:55-56). Die proses van ontwikkeling hou nie op by geboorte nie: van die moment van konsepsie tot die dood ontwikkel die mens. Al deurloop ontwikkeling verskeie stadia is dit nog steeds stadia van dieselfde mens. Om te ontken dat die fetus vanaf konsepsie ten volle mens is, moet 'n ontologiese substansiële modifikasie, 'n sinsverandering, tussen konsepsie en geboorte aangetoon word (Du Toit, 1989:109). Tans is daar geen bewyse van so 'n modifikasie nie (Rae, 1996:96; Douma, 1997:179). Omdat lewe by konsepsie begin, het die embryo dieselfde reg om te lewe as enige ander mens (Warren, 1991:593). Hier het die aanduiding as persoon betrekking op ontologiese en dus morele status: die embryo is 'n persoon en moet as sodanig behandel word.

Twee sake staan dus vas. Allereers: daar is 'n mens-in-ontwikkeling en nie 'n ontwikkeling-na-'n-mens nie. Vervolgens: daar is nie onmiddellik 'n ontwikkelde mens nie, asof daar in die embrionale ontwikkeling verder niks meer gebeur nie. In die lig van en in ooreenstemming met hierdie twee beginsels kan die volgende onderskeiding gemaak word, naamlik dié tussen menslik molekulêre lewe en menslik somatiese lewe. Menslike molekulêre lewe begin by konsepsie, terwyl die oorgang van hierdie stadium na dié van menslike somatiese lewe plaasvind wanneer die brein in sy ontwikkeling begin funksioneer, met ander woorde wanneer bringolwe waarneembaar is (Heyns, 1986:312).

2.3.2 Wanneer ontvang die mens sy siel?

Wanneer word die siel by die liggaam gevoeg? In 'n sin is dit ook belangrik om hierdie vraag te beantwoord omdat die toevoeging van die siel tot die menslike fisiese embrio ook sal bepaal wanneer lewe begin en dus beskermingswaardig is. In die teologie is daar twee antwoorde op hierdie vraag. Die eerste is dié van kreasianisme soos gevind in die amptelike standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk, terwyl die ander standpunt dié van die tradusianisme is. Die kreasianisme redeneer dat die liggaamlike lewe deur die ouers verwek word terwyl God, die Vader van die geeste, die siel direk by die ontstaan van die menslike liggaam of embrio skep (Gen. 2:7; Num. 16:22, 27:16; Pred. 12:7; Sag. 12:1; Heb. 12:9). Die tradusianisme glo weer dat die siel langs die weg van natuurlike voortplanting ontstaan (Gen. 2:21-22; Heb. 7:9-10).

Volgens Van Wyk (1996:24) is die hele debat rondom hierdie vraag baie spekulatief en is die invloed van die Griekse dualistiese denke waarskynlik nêrens so opvallend as juis in hierdie opsig nie. Die Griekse filosoof Plato het geleer dat die mens se siel uit die geestelike wêreld van die idees, en sy liggaam uit die stofflike wêreld van die verskyning afkomstig is (Müller, 1989:5). Die siel wat van ewigheid af bestaan, verenig hom in een of ander stadium met die liggaam van die mens (Van Wyk, 1999:93). Hierdie dualistiese siening het ook 'n groot invloed op die teologie gehad (Heyns, 1978:124).

Dit is belangrik om te besef dat albei hierdie sienings van die gedagte uitgaan dat die siel 'n *aparte* ontstaan het. Hierteenoor moet gestel word dat die Bybel die mens nie sien as saamgestel uit aparte dele nie. Müller (1989:5) noem dat Genesis 1:27 daarop dui dat God die mens (nie die siel apart nie) na sy beeld geskape het: "Dit is ook ... duidelik dat die skrywer van Genesis 1 geen onderskeid tref tussen siel en liggaam nie. Die hele mens in psigosomatiese sin, is geskape na Gods beeld." Uit laasgenoemde Skrifgedeelte blyk dat die mens nie as twee aparte entiteite geskep word nie, maar as 'n geheel, 'n eenheid, naamlik mens. Die terme *sarx*, (vlees), *sóma* (liggaam), *psuché/néfésj* (siel), *kardia* (hart), *nous* (denke) moet nie Grieks-dualisties verstaan word nie, maar Bybels-kontekstueel. Die mens is 'n eenheidswese (vgl. ook Fergusson, 1995:787). Telkens word met hierdie woorde 'n perspektief op die hêle mens en nie op slegs 'n deel of aspek van die mens gegee nie. Terwyl *sarx* dui op die mens in sy swakheid (1 Kor. 1:29; 1 Kor. 7:28), lyding (Kol. 1:24) en sondigheid (Rom. 7-8; Gal. 5), dui *sóma* meer op die mens in geskaphed (Rom. 12:1). Terwyl *psuché/néfésj* hoofsaaklik op menslike lewe dui (Ps. 42:2-3; Fil. 2:30), dui *kardia* op die sentrum van die mens en *nous* op die sentrum van menslike handeling en besluite – iets wat getransformeer moet word (*metanoia*, Rom. 12:2). Die begrip *pneuma* dui weer op die getransformeerde mens in sy gerigtheid op God

(Rom. 8; vgl. ook König, 1993a:229).

Hieruit is in elke geval duidelik dat daar nêrens 'n tydstip is dat die mens 'n liggaam sonder 'n siel is nie (Lategan, 1993:850) en daarom kan die Skrif doodgewoon verklaar dat Levi in die lendene van Abraham lank voor sy geboorte, handelend opgetree het (Heb. 7:9-10), dat God Jeremia geken het voordat Hy hom in die skoot van sy moeder gevorm het (Jer. 1:5), dat die kind uit die heup van sy vader afkomstig is (Gen. 46:26) en dat Paulus God al in sy voorouers gedien het (2 Tim. 1:3; vgl. Marais, 1978:178-179).

In die lig van bogenoemde beredenering is Van Wyk (1999:93) korrek as hy stel dat die Bybel 'n swaar aksent op die eenheid van die mens lê en daarom is die vraag na wanneer die siel ontstaan, 'n valse probleemstelling omdat die vraag vanuit die filosofie die teologie binnegedra is. Waarskynlik is Van Wyk (1996:24) korrek as hy beweer dat dit 'n illegitieme probleem is en dat 'n mens hier met 'n onvrugbare dilemma te doen het. Hierdie debat in die geskiedenis dra nie werklik by tot die moderne vraagstuk van wanneer lewe begin nie en kan myns insiens nie in die moderne problematiek rondom die ontstaan van lewe gebruik word nie (Bavinck, 1908:629).

2.3.3 Lewe na konsepie: 'n gedagte uit die Griekse filosofie

Die mensbeskouing binne die Griekse denkwêreld, veral in sy Platoniese vorm, word by uitstek gekenmerk deur die dualistiese skeiding van liggaam en siel (Durand, 1982:29). Volgens Østnor en Thunberg (1995: 54) is dit duidelik dat die gedagte dat lewe nie by konsepie begin nie, maar op 'n later tydstip, gewortel is in die Griekse filosofiese tradisie. Volgens Aristoteles word die siel eers op 'n later tydstip tydens die swangerskap tot die fetus bygevoeg (Higginson, 1995:94). Die menslike embrio het van die begin van konsepie 'n siel, maar dit is 'n vegetatiewe (plante) siel wat oorgaan in die sensitiewe (diere) siel wat uiteindelik oorgaan in die rasonele of menslike siel wat uit 'n aktiewe en passiewe rede bestaan (Siegfried, 1997). Die aktiewe rede van die mens kom baie ooreen met die sensitiewe siel van die dier. Dit moet in gedagte gehou word dat selfbeweging vir Aristoteles die wesenskenmerk van lewe was (Dreyer, 1975:139), waaruit afgelei kan word dat eers wanneer daar beweging is, lewe of die menslike (rasionele) siel teenwoordig is. Volgens Aristoteles beweeg die fetus van 'n seun op ongeveer die veertigste dag en 'n meisie op die negentigste dag. Dus is hier vir die eerste keer sprake van lewe of die ontvang van die siel. Volgens Aristoteles ontvang seuns op 'n vroeër stadium as meisies 'n siel (Østnor & Thunberg, 1995:54). Seuns ontvang 'n siel na die veertigste dag en meisies na die negentigste dag (Silver, 1998:54). Dit is duidelik dat die liggaam reeds bestaan terwyl die siel of gees eers later bygevoeg word.

Douma (1997:184) beweer: “Wanneer de vrucht op z'n vroegst na veertig dagen beziel is en pas daarna mens kan heten, dan moet hij vóór dat tijdstip toch minder beschermwaardig zijn!” Dit is duidelik dat die gedagte dat die mens eers later mens word, nie uit die Skrif nie, maar uit die heidense filosofie voortkom.

Daar sal voorts aandag gegee word aan die *logies beredeneerde* standpunte wat beweer dat lewe en beskermingswaardige menslike lewe eers 'n ruk na konsepsie begin.

2.4 Lewe na konsepsie

2.4.1 Inleidend

Sekere navorsers huldig die standpunt dat menslike lewe of persoonwees êrens tussen konsepsie en geboorte begin (Higginson, 1995:93). Aanhangers verskil oor die noodsaaklike en voldoende voorwaarde vir menswees en dus oor die vraag wanneer die ontwikkelende embrio tot 'n mens ontwikkel het (Maranto, 1996:243). Almal is dit in elk geval eens dat die ontwikkeling van die embrio die ontologiese status en dus die morele status van die embrio bepaal (Peters, 1996:99). Soos die embrio ontwikkel, neem sy waarde ook toe.

2.4.2 Die Griekse heidendom herlewe in die moderne denke

Daar is reeds daarop gewys dat die Griekse heiden, Aristoteles, van oordeel was dat menslike ontwikkeling in stadia plaasvind. Eerstens het die mens 'n plantesiel, daarna 'n dieresiel en uiteindelik ontvang die fetus sy rasonale of menslike siel wat van hom 'n mens maak. *Dit is duidelik dat die mens eers plant en dier vir 'n tydperk is waarna die mens sy menslikheid of menslike eienskappe ontwikkel of kry.* Hierdie gedagte, alhoewel nie in direkte navolging van Aristoteles nie, word vandag weer gevind. Dit is dalk gepas om in dié verband twee aanhalings van 'n moderne Engelse etikus te maak waarvolgens hy redeneer dat lewe nie by konsepsie nie, maar heelwat later begin. Harris (1998:64-65) stel dit soos volg:

I argue that the moral status of the embryo and indeed of any individual is determined by its possession of those features which make normal adult human individuals morally more important than sheep or goats or embryos ...

en

At no stage does the embryo or the fetus become a creature which possesses capacities or characteristics different in any morally significant way from animals.

Uit hierdie aanhalings is dit duidelik dat omdat die mens tot in 'n sekere stadium niks anders as 'n dier is nie, dit wil sê nog nie sy “rasionele siel” gekry het nie, die mens eties gelyk is aan 'n dier en sodoende geen reg tot lewe het nie. Aristoteles se psigologie en embriologie herlewe aan die vooraand van die jaar tweeduisend.⁴

Vervolgens gaan kortliks gekyk word na die momente ná konsepsie waarop menslike lewe na bewering sou begin.

2.4.3 Die begin (twee weke)

Inleidend

Volgens dié standpunt begin lewe eers op twee weke (veertien dae). Daar word dan beredeneer dat die embrio vanaf twee weke beskermingswaardig is omdat dit pas 'n menslike individu geword het (Østnor & Thunberg, 1995:62). Hierdie standpunt word uit die volgende afgelei:

Neuraalbuis

Vervolgens word as rede vir die keuse van die twee-weke-grens aangevoer dat die neurologiese apparaat met die kapasiteit om pyn te registreer, op die punt is om verder te ontwikkel (Cook, 1995:131-132). Daar is sprake van die net-net begin van die vorming van die neuraalbuis (rugmurg en brein). Hierdie begin van die neuraalbuis ontstaan tussen die elfde en dertiende dag na bevrugting (Du Toit, 1989:107). Dit word beskou as die begin van die ontologiese mens (Peters, 1996:108, 114).

Segmentasie en rekombinering

Verder word aangevoer dat dit gebeur dat die embrio tot ongeveer 14 dae steeds die vermoë besit om in twee embrio's te verdeel (De Wert, 1988:437; Warren, 1991:595; Cook, 1995:131; Peters, 1996:198) asook die vermoë om weer naverdeling te rekombineer (Cahill, 1993; Harris, 1998:29). Na twee weke is dit nie meer moontlik nie. Elke sel tot op veertien dae behou die totipotensie gelyk aan die oorspronklike sel. Die neurale apparaat begin op veertien dae ontwikkel – 'n gegewe wat logies beteken dat die embrio nie meer in twee kan verdeel nie. Dus word

4 Interessant om te verneem dat die Gereformeerde en gerespekteerde teoloog Hermann Bavinck (1908:629) ook van mening was dat lewe nie met konsepsie begin nie: “Nu zal niemand zeggen, dat reeds het sperma op zich zelf of het ovulum op zichzelf, of reeds het uit beider vereeniging ontstane foetus in die eerste dagen van zijn leven een mensch is, die een eigen ik heeft en altijd zal bestaan. Er moet dus een ogenblik zijn, waarop het foetus mensch wordt, die een zelfstandig en voortdurend bestaan hebben kan.”

geredeneer dat 'n nuwe individuele mens eers op 14 dae in die lewe kom (Rae, 1996:99).

2.4.4 Neurologiese vertrekpunt (sewe weke)

Volgens De Wert (1988:439) is die ses-weke-grens vir hom die mees aanvaarbare tyd om werklik van die begin van 'n persoon te praat omdat die neurologiese apparaat, of die brein, dan eers voldoende ontwikkel het. Breinaktiwiteit is ongeveer twee en veertig tot vyf en veertig dae (6-7 weke) na bevrugting aantoonbaar (Ouweneel, 1978:30; Feinberg & Feinberg, 1993:54; Peters, 1996:99; Rae, 1996:97). Met breinaktiwiteit word waarskynlik bio-elektriese golwe bedoel en nie gevorderde breinfunksies soos spraak, geheue en intelligensie nie.⁵ Op veertien dae is daar bloot sprake van die begin van neurale ontwikkeling, terwyl dit hier handel oor die verdere ontwikkeling van neurale eienskappe. Wanneer die serebrale korteks ontwikkel het en al die senuwees met mekaar verbind is, kan daar van moontlike bewussyn asook van pyn sprake wees (Douma, 1997:176). Breinaktiwiteit as die aanvang van die persoonwees van die fetus word gekies omdat daar 'n parallel met die definisie van die dood bestaan (Cahill, 1993). Dood word gedefinieer as die afwesigheid van bepaalde breinaktiwiteit (Peters, 1996:99; Frederick, 1997). Dus tot die stadium dat breinaktiwiteit by die fetus aanwesig is, is die fetus in werklikheid nog "dood" (sonder-persoon-wees). In die lig van bogenoemde analogie word aangevoer dat met die embrio tot op ses weke geëksperimenteer mag word, terwyl dit ongeoorloof sou wees met 'n embrio ouer as ses weke.

2.4.5 Gevoel (twaalf weke)

In aansluiting by bogenoemde standpunt kies Warren (1991:594) ook vir 'n neurologiese uitgangspunt as sy van gevoel ("sentience") praat. Gevoel word ná breinaktiwiteit waargeneem. Volgens haar het die embrio geen kapasiteit om te voel nie aangesien die embrio 'n senuweesistiem besit waarin neurale verbindings binne die brein, asook tussen die brein en die gevoelreseptore ontbreek. Omdat die embrio nie die neurologiese kapasiteit besit nie, beteken dit ook dat die embrio geen bewustelike ervaring soos pyn en plesier (gevoel as sensasie) asook begeertes en voorkeure (gevoel as emosie) besit nie. Alleen mense met gevoel kan immers gehelp of benadeel word op 'n wyse wat vir hulle saak maak. Alleenlik mense wat kan voel, het 'n ervaringswêreld wat positief of negatief verander kan word en alleen mense wat kan voel, het voorkeure ten opsigte van hulle eie toekoms. Volgens haar is dit on-

5 Alle breinfunksies gaan gepaard met elektriese uitstraling ..." (Van Elfen, 1993:147).

moontlik om te bepaal wanneer die embrio die kapasiteit vir gevoel besit, maar sy voer tog aan dat dit definitief nie voor twaalf weke sal wees nie.

2.4.6 Beweging (sestien tot agtien weke)

Vir ander is die begin van lewe wanneer die moeder die kind binne die baarmoeder voel beweeg (Cook, 1995:132; Rae, 1996:98). Histories was dit gewoonlik die eerste bewys van lewe totdat meer gesofistikeerde mediese tegnologie ontwikkel is.

2.4.7 Lewensvatbaarheid (ses en twintig tot agt en twintig weke)

Volgens dié standpunt is 'n fetus beskermingswaardig vanaf daardie oomblik wanneer die fetus in staat is om op sy eie buite die baarmoeder te lewe of wanneer dit lewensvatbaar is (Douma, 1997:176). Die gemiddelde fetus is lewensvatbaar êrens tussen ses en twintig en agt en twintig weke. Wanneer hierdie punt bereik word, verwerf 'n fetus die status van 'n persoon (Ouweneel, 1978:30; Rae, 1996:96; Peters, 1996:108).

2.4.8 Geboorte (nege en dertig tot veertig weke)

Ander suggereer geboorte⁶ as die begin van lewe (Cook, 1995:132; Rae, 1996:99).

Voorts gaan aandag gegee word aan *Skrifgegewens* ten opsigte van die waarde van die menslike embrio.

2.5 Die begin van lewe in die lig van die Skrif

2.5.1 Inleidend

Douma (1997:185) is korrek as hy aanvoer dat logiese redenasie of biologiese gegewens nie die laaste woord oor die menslike embrio en sy beskermingswaardigheid kan spreek nie. Volgens Ouweneel (1978:30) bestaan daar geen Skriftuurlike uitspraak wat bewys dat lewe by konsepsie begin nie. So 'n uitgangspunt is volgens hom eerder 'n gemaklike en gevoelsmatige standpunt. Alhoewel die Bybel nêrens 'n direkte uitspraak oor die beskermingswaardigheid van die embrio of fetus maak nie, is dit misleidend om te suggereer dat die Bybel niks oor die onderwerp te sê het nie (Rae, 1996:14). Die Christen se lewensbeskouing – soos gevoed uit die Skrif – bepaal hoe hy oor die menslike

6 Genesis 2:7 word as 'n moontlike teksbewys genoem vir hierdie standpunt (Ouweneel, 1978:30).

embrio dink, voel en optree. Vervolgens sal aan 'n aantal Skrifgedeeltes aandag gegee word.

By die behandeling van onderstaande Skrifgedeeltes moet dit in gedagte gehou word dat die Skrifgedeeltes nie as ontiese uitsprake verstaan moet word nie, aangesien die Bybel nie 'n wetenskaplik-biologiese handboek is nie (vgl. Van Wyk, 1998:6). Dit is ook nie die bedoeling van die Bybel nie en daarom is Job en ander Skrifgedeeltes nie van so 'n aard dat dit informasie verskaf om sulke wetenskaplike vrae te beantwoord nie (Heyns, 1992:175).

2.5.2 Met konsepsie is daar 'n mens-in-ontwikkeling – Job 3:3

Met konsepsie het daar 'n seuntjie in die wêreld gekom

Job 3:3 lui soos volg: “Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom.” Die betekenis van “in die wêreld gekom” kan verwarrend wees deurdat dit as geboorte verstaan word. Die oorspronklike woord vir “in die wêreld gekom” (הָרָה) kan vertaal word met “konsepsie (bevrugting)” of “swanger wees of maak” (Koehler & Baumgartner, 1958: 242). Die woord הָרָה dui op die begin van swangerskap en nie op die dra of geboorteproses self nie (Kroeze, 1961:65;. Alden, 1993:73) – daarvoor word ander woorde in die Ou Testament gebruik (Stigers, 1980:223).⁷ Daarom is bevrugting of konsepsie 'n korrekte vertaling vir die woord. Die tweede versreël handel dus nie oor geboorte nie, maar oor 'n gebeure voor die geboorte. Dit word duidelik afgelei uit die semantiek van die woord wat gebruik word vir “in die wêreld gekom”.

Die belangrike vraag ontstaan nou na watter tydstip voor geboorte Job hier presies verwys? Wanneer was Job se moeder swanger? Vir 'n antwoord op dié vraag sal Skrif met Skrif vergelyk moet word (Van Wyk, 1998:6). In die res van die Skrif is daar 'n noue verbinding tussen geslagsgemeenskap en “in die wêreld gekom” (הָרָה). *Eintlik word dit as een gebeure gesien.* Met geslagsgemeenskap is daar sprake van הָרָה (“in die wêreld gekom”; Kroeze, 1961:65-66). Geslagsgemeenskap en “in die wêreld gekom” val met mekaar saam (Gen. 4:1, 17; 16:4; 38:18; 2 Sam. 11:4-5; 1 Kron. 7:23). In al laasgenoemde Skrifgedeeltes is daar sprake van geslagsgemeenskap en dan volg onmiddellik הָרָה. Daarom dat Stigers (1980:23) noem dat swangerskap die onmiddellike gevolg van geslagsgemeenskap is. Met geslagsgemeenskap kom 'n mens in die wêreld (2 Sam. 12:24).

7 Hier word spesifiek aan die woord לָדָא asook die woord הָרָה gedink (Stigers, 1980:223).

Volgens Kroeze (1961:65) moet *nag* (וּדְלִילָה) in Job 3:3 as die “ontvangenisnacht” verstaan word omdat Job se moeder in dié *nag* as gevolg van geslagsgemeenskap swanger geraak het. Dit word soos volg deur hom gestel: “De achtergrond van deze gedachte is blijkbaar dat bevruchting tegelijk met de coitus plaats vind ...”. Met die frase “in die wêreld gekom” in Job 3:3 word klaarblyklik bedoel “vanaf geslagsgemeenskap” en nie ’n later tydperk na geslagsgemeenskap nie. Ons weet vandag dat geslagsgemeenskap en “in die wêreld gekom” (bevrugting) nie met mekaar saamval nie. Die sperms van ’n man resideer ongeveer sewe tot tien uur na geslagsgemeenskap in die voortplantingstelsel van die vrou voor die eiersel vir moontlike bevrugting bereik word (Peters, 1996:112-113). Wat die Skrif wil doen, is om vir die Bybelleser ’n vaste punt te gee om mee te werk en dit is dat ’n spesifieke daad van geslagsgemeenskap die begin van swangerskap is.

Nou ontstaan die vraag: hoe oordeel Job oor sy moeder se swangerskap? Hoe sien hy dit wat met geslagsgemeenskap verwek is? Hoe beskou hy die status van “dit” wat met geslagsgemeenskap daargestel is?

Vanaf geslagsgemeenskap word die “seuntjie” eties gelyk aan ’n volwassene beskou

In aansluiting by bogenoemde gedagte word gevind dat in *die tweede reël verwys word na ’n “seuntjie” (גִּבּוֹר) wat die nag met geslagsgemeenskap “die wêreld ingekom het”*. Dit was nie ’n ding of ’n iets wat die nag verwek is nie, maar ’n “seuntjie”. Met geslagsgemeenskap het ’n “seuntjie” die wêreld ingekom. Die Hebreeuse woord vir “seuntjie” word ook in ander gedeeltes van die Bybel gebruik om na ’n man of eggenoot te verwys (Job 3:23; 16:21) of om ’n volwasse mens aan te dui (Job 10:5; 14:10, 14; Kroeze, 1961:65-66). Dus ’n persoon, soos ’n manlike persoon, is in die nag verwek. Vir hierdie Skrifgedeelte is daar nie ’n prinsipiële verskil tussen die mens wat by geslagsgemeenskap verwek word en die volwasse mens nie (Rae, 1996:105). Daarom dat in Job so maklik sonder enige probleme dieselfde woord (גִּבּוֹר) vir voorgeboortelike lewe vanaf geslagsgemeenskap tot volwasse lewe gebruik word. Vir die Skrif is daar empiries-eties nie ’n verskil nie. Alden (1993:73) sê die volgende: “As in other places in the book (10:10-11) and elsewhere in the Bible (Ps. 139:16; Jer. 1:5), Job believed that his personhood went back to his conception, not merely to his birth.” In die lig van bogenoemde beredenering sou saam met Alden gesê kon word dat Bybels gesien, “personhood” vanaf geslagsgemeenskap bestaan. *Wat in elk geval baie duidelik is, is dat hierdie Skrifgedeelte nie ’n later tydperk (twee weke) kies as die begin of ontstaan van menslike lewe nie*. Skriftuurlik gesien,

begin menslike lewe nie “later” nie (vgl. ook Müller, 1989:6). So 'n gedagte is vreemd aan die Skrif.

Vanaf geslagsgemeenskap bestaan die seuntjie as 'n persoonlike “ek”

Volgens Rae (1996:105) word in hierdie Skrifgedeelte 'n voorbeeld van sinonieme parallelisme gevind. Parallelisme (*parallelismus membrorum*) beteken dat die tweede versreël die gedagte van die eerste versreël herhaal of vice versa. Dieselfde of 'n soortgelyke gedagte word met ander woorde gestel. Gesien teen die agtergrond van die Hebreeuse stylfiguur kan geboorte en “in die wêreld gekom” (bevrugting) as sinonieme sake beskou word. Dit is duidelik dat Job met sy geboorte na homself as “ek” (אֲנִי) verwys. Hy beskryf homself met geboorte in persoonlike terme. Dus kan die afleiding gemaak word dat omdat geboorte en bevrugting as sinonieme sake beskou word, die kind by konsepsie deur Job as 'n persoonlike “ek” beskou word. Weereens is dit af te lei dat hierdie Skrifgedeelte nie 'n later tydperk (twee weke) kies as die begin of ontstaan van menslike lewe nie.

Saamgevat

Saamgevat wil Job sê dat hy vanaf konsepsie as 'n menslike persoon bestaan. Hy word nie eers later 'n persoon nie. Dit is duidelik dat die vers nie 'n gedagte van 'n latere persoonwording ondersteun nie. 'n Mens sou kon beweer dat die wetenskap met groot sekerheid bewys dat op die punt van konsepsie niks in die wêreld gekom het nie en nog niks bestaan nie (Kroeze, 1961:66; Peters, 1996:115). En tog is dit uit Job 3 duidelik dat met die Skrif as uitgangspunt, konsepsie as die begin van menslike lewe beskou word. Dit is duidelik dat daar eties vir Job geen verskil tussen voorgeboortelike lewe en lewe na geboorte is nie. Wat die uitgangspunt nog meer merkwaardig maak, is dat dit gebeur binne 'n wêreld waar geen kennis van die menslike embryo soos ons dit vandag ken, bestaan het nie. En tog kan die Bybelskrywer aanvaar dat lewe beslis nie later nie, maar so vroeg as konsepsie kan begin. Neem hiermee saam in ag dat die enigste empiriese bewyse vir die bestaan van menslike lewe destyds sigbare uiterlike swangerskap, beweging van die baba en die geboorte self was.

2.5.3 Menswees selfs voor geslagsgemeenskap (Ps. 51:7; Heb. 7:10)

Psalm 51:7 lui soos volg: “Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.” Op watter tydstip het Dawid se moeder swanger geword? Die Hebreeuse woord wat met swanger word (חָמַתְנִי) vertaal word, beteken letterlik “op hitte wees” in seksuele sin (Koehler & Baumgartner, 1958:378; Ridderbos, 1958:90; Van Groning-

en, 1988:374). Die gedagte van intense begeerte na seksuele gemeenskap gaan geslagsgemeenskap vooraf. Dus wat Dawid sê, is dat hy (“ek”) al met sonde bevlek was toe sy moeder ’n seksuele drif tot geslagsgemeenskap gehad het. Hier word die punt van persoonwees en bestaan verby die geslagsdaad self teruggeskuif. Weereens blyk dit dat God se Woord nie ’n later (twee weke of verder) tydperk kies om die begin van menslike lewe aan te dui nie.

In dié gedeelte word ook die tipiese Hebreeuse stylfiguur van sinonieme parallelisme gevind. Dawid verwys in persoonlike terme (toe “ek” gebore is (הַבְּעוֹרֹת הַחֹלְלֹתִי) na sy geboorte. In die lig van die Hebreeuse stylfiguur kan geboorte en swanger wees (יְחַמְתֵּנִי אִמִּי) as sinonieme of uitruilbare begrippe beskou word. Die een is nie meer of belangriker as die ander nie. Hiermee saam is dit duidelik dat Dawid dieselfde eienskappe wat hy aan volwasse persone toeken (kyk vers 3-4), ook aan die mens van voor geslagsgemeenskap toeken wanneer hy erken dat hy van voor geslagsgemeenskap in sonde bestaan (Rae, 1996:105). Ook Frame (1988:94) sien dit so. *Dat lewe op enige tydperk na konsepsie begin, is vreemd aan die Bybel.*

Hierdie gedagte in die Ou Testament dat daar sprake is van lewe eerder vóór konsepsie as daarna, word ook in die Nuwe Testament bevestig. So word in Hebreërs 7:10 die volgende gesê: “... want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het”. Letterlik staan hier dat Levi nog in die genitalieë van Abraham was (vgl. ook Hand. 2:30; Gen. 25:23; Mal. 1:2; Rom. 9:11; Louw & Nida, 1989:100). Levi, en nie ’n ding of ’n iets nie, was in die genitalieë van Abraham en daarom kan beweer word dat Levi al handelend in die genitalieë van Abraham kon optree (Heb. 7:9-10; vgl. Marais, 1978:179). Die Woord van God is nie ’n biologiese handboek wat konsepsie beskryf nie. Tog dui die gegewens daarop dat die Bybel nie werklik ’n later tydperk vir die ontstaan van menslike lewe aandui nie. Soos uit hierdie en ander Skrifgedeeltes blyk, dui die Bybel eerder ’n baie vroeë tydperk, vanaf geslagsgemeenskap en selfs vroeër, aan. Inderdaad kan beweer word dat Hebreërs 7:10 die gedagte van Psalm 51:7 bevestig. Hieruit blyk dit dat die Bybel vir die bestaan en ontstaan van persoonlik menslike lewe eerder ’n tyd voor geslagsgemeenskap as daarna kies.

2.5.4 God staan in ’n verbondsverhouding met die vrug van die moederskoot

Uit die Heilige Skrif is dit duidelik dat God met die mens bemoeienis maak vanaf die eerste of vroegste begin. Swangerskap word deur Hom bewerk. Die moederskoot word deur Hom geopen (Gen. 29:31; 30:22;

49:25; Rut 4:13) en kan deur Hom gesluit word (Gen. 20:18; 1 Sam. 1:5-6). Die digter van Psalm 139 bely in vers 13-16:

U het my gevorm, my aanmekegeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekegeweef is diep in die moederskoot. U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

In die lig van hierdie woorde sê Müller (1989:6): “Volgens die digter van Ps. 139 het sy lewe reeds in die moederskoot begin (vers 15 en 16).” Ook Heyns (1986:214) sien die woorde van Dawid so dat dit daarop dui dat sy lewe reeds in die skoot van sy moeder begin het. Dit wat in die moederskoot is, is menslike lewe.

Dieselfde sê Job ook: “U hande het my gevorm, my gemaak. Gaan U my nou heeltemal vernietig? Dink daaraan dat U my soos klei gevorm het. Gaan U my nou weer stof laat word? Het U my nie soos botter berei, soos kaas gevorm nie?”(10:8-10). Profete soos Jesaja en Jeremia word deur God geroep en geheilig van hulle lewe in die moederskoot af (Jes. 49:1; Jer. 1:5; Barlow, 1995), soos ook bely deur die apostel Paulus (Gal. 1:15). Die werking van die Heilige Gees in die lewe van Johannes die Doper is al merkbaar voor sy geboorte (Luk. 1:15). Uit die aard van die saak is Ouweneel en Douma (1997:188) korrek as hulle beweer dat die gegewens geen uitspraak gee oor die begin van menslike lewe nie. Hierdie gegewens dui wel op die aanwesigheid van God in die beginperiode waartydens die mens nog nie sigbaar is vir die oë van die medemens nie. Hierdie Bybelse gegewens verleen opmerklike waarde aan die embryo. God is in die besonder betrokke by die menslike embryo en fetus, by daardie “iets” wat in die moederskoot bestaan (Marais, 1978:179).

2.5.5 Persoonlike terme word vir die ongeborene gebruik

Wat ook uit bogenoemde Skrifgedeeltes opmerklik is, is eerstens dat na die inhoud van die baarmoeder in persoonlike terme verwys word. In Psalm 139:13 sien Dawid homself in die skoot van sy moeder: “U het my gevorm, my aanmekegeweef in die skoot van my moeder.” Dit is 'n “my”, 'n persoonlike wese wat in die skoot van die moeder geweef is.

Neem verder in die tweede plek in ag dat Psalm 139:16 die embryo in die skoot van die moeder as 'n “ongevormde klomp”⁸ (גֵּלְמִי) sien. Kuyper

8 Hierdie is 'n teksaanhaling uit die 1953-vertaling: “U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.”

(1910:15) wys daarop dat “ongevormde klomp”, dus die woord גְּלֵמִי, die spesifieke betekenis van “nog niet ontkiemde vorm” (my beklemtoning – A.L.R.) het. Ontkiem dui op die begin van ontwikkeling. Ontwikkeling beteken ook dat die vorm verander. Maar volgens Kuyper het ontkieming nog nie begin nie. Hierdie gedagte sluit aan by Koehler en Baumgartner (1958:185) wat daarop dui dat die woord גְּלֵמִי “vormloos” beteken. Dus kan afgelei word dat גְּלֵמִי op iets dui wat nie wesenlik van vorm verander het nie en wat vormloos is. Selfs die “ongevormde klomp” (sigoot, selle?) is volgens Dawid ’n “my”, iets persoonliks. Dit is nie ’n ding of ’n iets wat later nog mens sal word nie. Pous Johannes Paulus II (John Paul II, 1995) is korrek in sy kommentaar op Psalm 139:16, naamlik dat God die menslike embryo (גְּלֵמִי), die mens-in-ontwikkeling inderdaad as die volwassene van môre sien – ’n mens wie se naam in die boek van die lewe geskryf is. Uit hierdie Skrifgedeelte is dit duidelik dat die Skrif nie die ontstaan van beskermingswaardige lewe op ’n later stadium sien nie, maar as lewe van die begin af. Die Skrif ken nie die gedagte dat daar ’n stadium na konsepsie bestaan waar daar nog nie ’n mens is nie.

Derdens word in Jeremia 1:5 dieselfde gesê met die verskil dat God self nou aan die woord is: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.” Uit hierdie Skrifgedeelte is dit duidelik dat God net so ’n intieme kennis en verhouding met Jeremia voor konsepsie gehad het soos hy met Jeremia as volwassene het (Rae, 1996:106). Volgens Barlow (1995) is Jeremia 22:15-17 seker een van die duidelikste gedeeltes in die Skrif wat die volledige menslikheid van die voorgeboortelike embryo of fetus aandui:

Vervloek is die man wat vir my pa die berig gebring het: ‘Jy het ’n seun’, ’n berig wat hom baie bly gemaak het. Mag dit met daardie man gaan soos met die stede wat so genadeloos deur die Here verwoes is, mag daardie man angskrete hoor in die môre, oorlogskrete op die helder middag, omdat hy my nie doodgemaak het voor ek gebore is sodat my ma my graf kon gewees het en sy nooit in kraam kon kom nie.

Ook in dié verband ken die Skrif nie die gedagte dat daar na konsepsie ’n stadium bestaan waar daar nog nie ’n mens of ’n “minder-mens” is nie (vgl. ook Heyns, 1986:214). Jeremia verwys met ’n “my” na homself in die baarmoeder. “Voor geboorte” word hier nie gespesifiseer nie. Dit kan wees van ewigheid af of vanaf geslagsgemeenskap tot geboorte. Vir die Skrif is daar nie ’n later tyd vir die ontstaan van die mens nie.

Dit is uit bogenoemde inderdaad duidelik dat die Skrif dieselfde aanspreektaal gebruik vir sowel die ongeboorene as dié wat gebore is (Gen.

25:22; Job 1:21; Jes. 44:2, 24; 49:5; Jer. 20:14-18; Hos. 12:4; vgl. Frame, 1988:93-94). In die Bybel word gevind dat God dieselfde eienskappe aan die ongebore kind as aan die kind na geboorte toeken. Die Bybel gebruik persoonlike terme wanneer na die ongeborene verwys word. Barlow (1995) bevestig dié feit as hy daarop wys dat dieselfde Griekse woord (τὸ βρέφος) gebruik word vir die ongebore Johannes die Doper (Luk. 1:41, 44), die pasgebore Jesus (Luk. 2:12,16) en die jong kindertjies wat na Jesus vir sy seën gebring word (Luk. 18:15).

2.5.6 Die betekenis van Eksodus 21:22-25

Vir Higginson (1995:93) speel Eksodus 21:22-25 'n groot rol in die debat oor die status van die embryo, of wanneer lewe begin (vgl. ook Kaiser, 1983:168). Volgens sommige navorsers dui Eksodus 21:22-25 op die teendeel, naamlik dat die Bybel die embryo of fetus sien as iets minder as 'n persoon in totaliteit (Rae, 1996:107). Daar bestaan onsekerheid rondom die verklaring van hierdie gedeelte wat beteken dat dit nie onbetwisbaar gestel kan word dat die Bybel onderskryf dat die ongebore kind gelyke status met die kind of volwassene geniet nie (Higginson, 1995:97). Hierdie gedeelte beskryf bepaalde strawwe wanneer 'n swanger vrou of fetus in 'n fisiese bakleiery tussen twee mans benadeel word. Die probleem ontstaan oor die verskil van straf. Wanneer die bakleiery tussen twee mans 'n miskraam tot gevolg het terwyl die vrou self nie blywend beseer is nie, dan moet haar man die man wat haar omgestamp het, 'n boete oplê (v. 22). As die vrou wel blywend beseer is, geld die straf 'n lewe vir 'n lewe (v. 23). Op grond van dié voorskrifte word geredeneer dat omdat die straf vir die dood van 'n fetus (miskraam) bloot 'n boete is, terwyl die dood van die moeder die doodstraf kan wees, die fetus nie dieselfde beskerming as die volwasse persoon besit nie.

Daar is tog 'n verskil tussen 'n boete en die doodstraf (Rae, 1996:107). Hierteenoor kan aangevoer word dat daar 'n groot verskil van opinie oor die woord “miskraam” bestaan (יָצָאָה vgl. Kaiser, 1983:170; Rae, 1996:107). Volgens Kaiser (1983:170) is daar geen taalkundige regverdiging om יָצָאָה met “miskraam” te vertaal nie. Daar staan letterlik “dat haar kinders uit haar uitgaan” (יָצָאָה יְלָדֶיהָ). Die Ou Testament gebruik 'n spesifieke woord vir “miskraam”, naamlik שָׁכַל en dit word in dié verband in Eksodus 23:26 gebruik (vgl. ook Hos. 9:14). Hiermee saam moet ook genoem word dat die werkwoord יָצָאָה in alle gevalle, behalwe Numeri 12:12, vir die normale geboorte van kinders gebruik word.

In die lig hiervan is Rae (1996:107) waarskynlik korrek om יָצָאָה יְלָדֶיהָ met “premature geboorte” te vertaal waarmee gesuggereer word dat die geboorte, wat vir die vrou baie ongemak en pyn veroorsaak het, normaal plaasgevind het sonder dat sy of haar kind gesterf het (Kaiser, 1983:170-

171). Die kontras in verse 22-23 skyn te wees tussen 'n toestand waar geen ernstige skade (לֹא יִהְיֶה אָסוֹר v.22) vir sowel die kind as die moeder bestaan nie teenoor die ernstige skade (אֲסוֹר יִהְיֶה v. 23) wat die kind of moeder aangedoen word. Hierdie verklaring verduidelik ook waarom daar dan 'n akkumulاسie in die straf is (Kaiser, 1983:172; Rae, 1996:107-108). Dus, as die swanger vrou omgestamp word en nie sy of die baba wat gebore is, het blywende skade nie, is daar slegs van 'n boete sprake. Maar wanneer sy gestamp word en daar is vir albei ernstige beserings (soos die dood van die fetus), is daar van doodstraf sprake.

Dit is in elk geval duidelik dat die Skrifgedeelte nie 'n absolute aanduiding is dat die Bybel self tussen voorgeboortelike lewe en lewe na geboorte onderskei nie. Wanneer hierdie moeiliker gedeelte in die lig van die makliker gedeeltes (Job 3:3; Ps. 51:7) belig word (vgl. Van Wyk, 1998:6), is dit duidelik dat hierdie nie 'n oortuigende argument is om aan te toon dat die Skrif 'n duidelike onderskeid tussen verskillende vorme van lewe maak nie.

3. Slot

Daar is vasgestel dat logies geredeneer, 'n sterk argument daarvoor uitgemaak kan word dat lewe by konsepsie of bevrugting begin. Uit die Skrif is die volgende aangetoon: die gedagte of gevoel dat menslike lewe *na* geslagsgemeenskap of konsepsie begin, is vreemd aan die Skrif. Die wesenlike probleem onderliggend aan die hele poging om die begin van beskermingswaardige lewe (persoonwees) logies êrens na konsepsie te plaas, gevind word in die feit dat *persoonwees* (menswees) met funksie verbind word. Die afwesigheid van bepaalde funksies diskwalifiseer die embryo/fetus as 'n beskermingswaardige persoon. Die embryo of fetus moet eers iets kan doen of toon voor hy of sy as mens kwalifiseer (Rae, 1996:101). Hierteenoor voer Rae (1996:101) aan dat die verhouding tussen wese en funksie baie goed begryp moet word. Funksie vind sy fondament in wese. Die afwesigheid van funksie is nie (noodwendig) 'n verwysing na (kommentaar op) die wese van iets nie. "Om te doen" is nie sinoniem met "om te wees" nie. 'n Ding is wat hy is en nie wat hy doen nie. Die tydelike afwesigheid van bepaalde funksies beteken nie dat die individu se uiteindelijke vermoë tot bepaalde funksies afwesig is nie. Waarde is tog nie van vermoë afhanklik nie (Rae, 1996:101-102).

Volgens Douma (1997:188) is die sesde gebod (Eks. 20:13; 1 Tim. 1:8) direk van toepassing op alle voorgeboortelike lewe. Op grond van dié aanname word die gelowige mens daartoe gedwing om ook hierdie menslike lewe soos ander menslike lewens te beskerm. Wie die ontwikkelende lewe vernietig, sê Barth (1961:416) nadruklik, bring 'n mens om die lewe (Heyns, 1970:181). Die Bybel spreek hom sterk uit

teen die wederregtelike doodmaak van 'n *onskuldige* mens (vgl. Eksodus 23:7; Spreuke 6:17, Jesaja 59:7; Jeremia 7:6; Esegïel 22:4; Romeine 3:15; kyk ook Heyns, 1970:175; Rae, 1996:104). *Onskuldig* moet hier nie verstaan word ten opsigte van die sonde nie (vgl. Ps. 51:7), maar ten opsigte van onskuldig wees aan 'n bepaalde misdaad binne die Israelitiese regsisteem (vgl. Jer. 22:3). Björnsson en Kjems (1995:43) voer aan dat God voorkeur daaraan gee dat die swakkes en die kwesbares *beskerm* moet word (vgl. ook Christoffersen & Mortensen, 1995:96). Die weerlose moet juis met gratis kos *aan die lewe gehou* word (Deut. 14:28-29; 26:12-13) en teen geweld (Job 24:3) en wederregtelike doodmaak beskerm word (Jer. 7:6, 22:3). Volgens Psalm 72:13-14⁹ is *swak mense se lewe* juis kosbaar (König, 1993b:84).

Egpare wat hulle wend tot reprodktiewe tegnologie, waar embrio's tot stand gebring word, moet besef dat hulle 'n mens tot stand bring vir wie hulle verantwoordelik is (Rae, 1996:108). As die standpunt reg en oortuigend is, is dit duidelik dat embrio-navorsing waartydens embrio's vernietig word en defekte embrio's weggegooi word, uit 'n Christelike oogpunt onaanvaarbaar is (Peters, 1996:115).

Bibliografie

- ALDEN, R.L. 1993. Job. The new American commentary. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture NIV text. Vol. 11. Nashville, Tenn. : Broadman & Holman.
- ATKINSON, D.J. 1995. Life, health and death. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press. p. 87-92.)
- BARTH, K. 1961. Church dogmatics. The doctrine of creation. Vol. 3. Part 4. 2nd ed. Translated by Mackay, A.T., Parker, T.H.L., Knight, H., Kennedy, H.A. & Marks, J. Edinburgh : Clark.
- BARLOW, J.H. 1995. A Biblical perspective on abortion. Center for Reformed Theology and Apologetics. [Beskikbaar op die internet:] <http://www.reformed.org/social/abortion.html> [Datum van gebruik: 4 Jan. 1999].
- BAVINCK, H. 1908. Gereformeerde dogmatiek. Deel. 2. Kampen : Kok.
- BERRY, A.C. 1995. Embryology. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Downers Grove, Ill.: Intervarsity Press. p. 338-340.)
- BJÖRNSSON, B. & KJEMS, L. 1995. *In vitro* fertilization. A letter to a childless couple. (In Mortensen, V., ed. Life and death. Moral implications of biotechnology. Geneva : WCC Publications. p. 41-49.)

9 "... hy sal hom oor die *swakke* en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm. Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle *lewens* sal *kosbaar* wees in sy oë".

- CAHILL, L.S. 1993. The embryo and the fetus: new moral contexts. *Theological studies*, 54(1), March. [Beskikbaar op die internet:] http://www.encarta.cognito.com/cgi_bin/cgi_appl.cgi/4/3/38534/14?fullart [Datum van gebruik: 30 Jul. 1997].
- CASEY, B.S. 2000. How the law will shape our life en death decisions: the case of the human embryo. (*In* Cameron, Nigel M. de S., Daniel, S.E. & White, B.J., eds. *Bio engagement. Making a Christian difference through bioethics today*. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. p. 143-166.)
- CHRISTOFFERSEN, S.A. & MORTENSEN, V. 1995. Ethics and counselling. A letter to a fellow pastor. (*In* Mortensen, V., ed. *Life and death. Moral implications of biotechnology*. Geneva : WCC Publications. p. 94-97.)
- COOK, E.D. 1995. Abortion. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. *New dictionary of Christian ethics and pastoral theology*. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press. p. 131-134.)
- COOPER, S.L. & GLAZER, E.S. 1998. Choosing assisted reproduction. Social, emotional & ethical considerations. Indianapolis, Ind. : Perspectives Press.
- COREA, G. 1988. The mother machine. Reproductive technologies from artificial insemination to artificial wombs. London : The Women's Press.
- DE WERT, G.M.W.R. 1988. Voortplantingstechnologie en etiek. (*In* De Beaufort, I. D. & Dupuis, H.M., red. *Handboek gezondheidsetiek*. Assen/Maastricht : Van Gorcum. p. 427-456.)
- DOUMA, J. 1997. Medische etiek. Kampen : Uitgeverij van den Berg.
- DREYER, P.S. 1975. Die wysbegeerte van die Grieke. Kaapstad : HAUM.
- DROGENDIJK, A.C. 1957. Embryo. (*In* Christelike encyclopedie, 2. 2de druk. Kampen : Kok. p. 592.)
- DURAND, J.J.F. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid. Wegwysers in die dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- DU TOIT, D. 1989. Antropologie en embriologie. (*In* Theron, P.F. & Kinghorn, J., reds. *Koninkryk, kerk en kosmos: 'n huldigingsbundel ter ere van prof. W.D. Jonker*. Bloemfontein : Pro Christo Publikasies. p. 101-111.)
- FEINBERG, J.S. & FEINBERG, P.D. 1993. Ethics for a brave new world. Wheaton, Ill : Crosswaybooks.
- FERGUSON, D.A.N. 1995. Sick, care of. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. *New dictionary of Christian ethics and pastoral theology*. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press. p. 787-788.)
- FINEMAN, H., ROSENBERG, D. & BRANT, M. 2001. Bush draws a stem cell line. Mastering science, sensitive to the politics, the president unveils a plan that both sides comfort for now. Behind a crisis the White house could't avoid. *Newsweek*, 138(8):28-30, Aug. 20.
- FLETCHER, D.B. 1995. Reproductive technologies. (*In* Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. *New dictionary of Christian ethics and pastoral theology*. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press. p. 733-734.)
- FRAME, J.M. 1988. Medical ethics. Principles, persons and problems. Phillipsburg, New Jersey : Presbyterian & Reformed Publishing Company.
- FREDERICK, C.J. 1997. Death and dying. (*In* Microsoft Encarta '97.) [CD-ROM.]
- HANDYSIDE, A.H., KONTOGIANNI, E.H., HARDY, K. & WINSTON, R.M.L. 1990. Pregnancies from biopsied human preimplantation embryos sexed by Y-specific DNA amplification. *Nature*, 344:768-770.
- HARRIS, J. 1998. Clones, genes, and immortality. Ethics and the genetic revolution. Oxford : Oxford University Press.

- HEYNS, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg. Oor die tien gebooie. Kaapstad : Tafelberg.
- HEYNS, J. A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1985. Mediese etiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1986. Teologiese etiek. Deel 2/1. Sosiale etiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- HIGGINSON, R.A. 1995. Ethics of medical care. (In Atkinson, D.J. & Field, D.H., eds. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press. p. 93-99.)
- HODSON, A. 1992. Essential genetics. London : Bloomsbury.
- JOHN PAUL II. 1995. The Gospel of life. On the value and inviolability of human life (*Evangelium Vitae*). [Beskikbaar op die internet:] <http://listserv.american.edu/catholic/church/papal/jp.ii/jp2evanv.html> [Datum van gebruik: 6 Jun. 1998].
- KAISER, W.C. 1983. Toward an Old Testament ethics. Academie Books : Michigan.
- KLUGER, J. & LEMONICK, D.R. 2001. And what about science. *Time*, 158(8):34-35, Aug. 20.
- KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1958. Lexicon in veteris testamenti libros. Leiden : Brill.
- KÖNIG, A. 1993a. Die mens – siel en liggaam? Menslike mense. Gelowig nagedink. Deel 5. Oor die mens en sonde in die praktyk. Halfway House : Orion.
- KÖNIG, A. 1993b. Menseregte. Menslike mense. Gelowig nagedink. Deel 5. Oor die mens en sonde in die praktyk. Halfway House : Orion.
- KROEZE, J.H. 1961. Job. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : Kok.
- KUYPER, A. 1910. De natura humana. (In Dictaten dogmatiek. Deel 3. Locus de Christo. §6. Kampen : Kok. p. 1-23.)
- LACAYO, R. 2001. How Bush got there. Months of debate – and one lucky break – led to the President's compromise. The inside story. *Time*, 158(8):31-36, Aug. 20.
- LATEGAN, L.O.K. 1993. Etiese perspektiewe vir die hantering van konflik in die mediese wetenskap. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(4):844-861, Nov.
- LEMONICK, M.D. 1997. The new revolution in making babies. A host of breakthroughs – from frozen eggs to borrowed DNA – could transform the treatment of infertility. But tampering with nature could be risky. *Time*, 150(22):50-56, Dec. 1.
- LOUW, D.A., GERDES, L.C., MEYER, W.F. 1985. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM Opvoedkundige Uitgewery.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Cape Town : National Book Printers.
- MARAIS, P.W. 1978. Die tien woorde van God. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- MARANTO, G. 1996. Quest for perfection. The drive to breed better human beings. New York : A Lisa Drewbook/Scribner.
- MARTIN, E.A. 1993. Mediese woordeboek. Vertalend en verklarend. Afrikaanse uitgawe vertaal en verwerk deur Mandi Botha, Herman Fourie, Wilna Liebenberg en Isabel Redelinghuijs. Oxford : Oxford University Press.
- MÜLLER, J. 1989. God se beeld en verteenwoordiger. Gen. 1:1-2:4a. (In Vos, C. & Müller, J., reds. Geboorte en kindwees. God, mens en wêreld. Pretoria : Orion. p. 1-10.)

- NATIONAL BIOETHICS ADVISORY COMMISSION. 1999. Ethical issues in human stem cell research. Volume 1. Report and recommendations of the national Bioethics Advisory commission. Rockville, Maryland, Sept.
- NBAC (1999).
kyk NATIONAL BIOETHICS ADVISORY COMMISSION, 1999.
- ØSTNOR, L. & THUNBERG, A. 1995. Fertilized eggs and pre-implantation diagnosis. A letter to a medical researcher. (*In* Mortensen, V., ed. *Life and death. Moral implications of biotechnology.* Geneva : WCC Publications. p. 50-63.)
- Ouweneel, W.J. 1978. Operatie supermens. Een Bijbels-biologiese blik op de toekoms. 3de uitg. Groningen : De Vuurbraak.
- RAE, S.B. 1996. *Brave new families. Biblical ethics and reproductive technologies.* Grand Rapids : Baker Books.
- PETERS, T. 1996. *For the love of children. Genetic technology and the future of the family.* Louisville, KY : Westminster John Knox Press.
- RIDDERBOS, J. 1958. *De psalmen II. Commentaar op het Oude Testament.* Kampen : Kok.
- SHAPIRO, H.T. 1997. Cloning human beings. The national bioethics advisory committee publications. [Beskikbaar op die internet:]
<http://bioethics.gov/pubs/cloning1/cloning.wpd> [Datum van gebruik: 2 Aug. 1997].
- SIEGFRIED, F.P. 1997. Creationism. The new advent catholic encyclopedia. [Beskikbaar op die internet:] <http://www.knight.org/advent/cathen/04475a.htm> [Datum van gebruik: 10 Des. 1998].
- SILVER, L.M. 1998. *Remaking Eden. Cloning and beyond in a brave new world.* London : Weidenfeld & Nicolson.
- STIGERS, H.G. 1980. הָרָה (*In* Harris, R.L., ed. *Theological wordbook of the Old Testament.* Vol. 1. Chicago : Moody Press. p. 538.)
- VAN ELFEN, J. 1993. *Dokter in die huis.* Kaapstad : Tafelberg.
- VAN GRONINGEN, J. 1988. בָּ (*In* Harris, R.L., ed. *Theological wordbook of the Old Testament.* Volume 1. Chicago : Moody Press. p. 374.)
- VAN WYK, J.H. 1996. Antropologie en pastoraat: 'n teologiese verkenning. *In die Skriflig*, 30(1):21-36, Maart.
- VAN WYK, J.H. 1998. Wie lê die Skrif reg uit – en hoe? *Die Kerkblad*, 101(3048):6-7, Nov. 18.
- VAN WYK, J.H. 1999. Kloning: konflik tussen wat kan en wat mag. 'n Voorlopige ondersoek vanuit teologies-etiese perspektief. *In die Skriflig*, 33(1):81-97, Maart.
- WARREN, A.W. 1991. Embryo manipulation an experimentation. (*In* Walters, W.A.W., ed. *Baillière's clinical obstetrics and gynaecology. International practice and research. Human reproduction: current and future ethical issues.* London : Tindall.
- YANDAVA, B.D., BILLINGHURST, L.L. & SNYDER, E.Y. 1999. "Global" cell replacement is feasible via neural stem cell transplantation: evidence from the dysmyelinated shiverer mouse brain. *Proceedings of the National Academy of Sciences USA* 96:7029-7034.

Kernbegrippe:

konsepsie
menslike embrio
sesde gebod

Key concepts:

conception
human embryo
sixth commandment